UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Studie van slawearbeid in die akkerboustreek lei tot die gevolgtrekking dat oorwegend landbouers, veewagters en algemene plaasarbeiders sowel as ambagslui en huishoudelike slawe 'n rol in arbiedsvoorsiening op die arbeidsintensiewe akkerbouplaas en die gepaardgaande huishouding gespeel het. Volgens die *Slaweregister*, wat in die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, was slawe veral op die plase van die meer gegoede akkerbouboere, soos Dirk, Hendrik en en Pieter Cloete sowel as Lambertus Colijn in al bogenoemde arbeidsektore betrokke. Weens die toenemende arbeidsbehoeftes in die akkerboustreek het daar sedert die Eerste Britse Besetting 'n verskuiwing van stedelike slawe na die akkerbougebied plaasgevind en was daar veral met die oplewing in die wynbedryf in die 1820's 'n konsentrasie van slawe in die wingerdboustreke van die Suidwes-Kaap.[945] Dié verskuiwing van stedelike slawe na die akkerbougebied het in wese die herverdeling van slawearbeid beteken.[946] Terwyl arbeid in die stad op grond van die geografiese herkoms en afkoms van slawe toegeken is, was daar op die plase nie 'n duidelike stereotipering ten opsigte van herkoms en die toekenning van sekere tipes arbeid nie,[947] alhoewel daar wel 'n neiging was om slawe van Afrika en Madagaskar in die akkerbou aan te wend.[948]

### *3. Slawearbeid op die afgeleë binnelandse plase*

Gedurende die agtiende eeu het veeboerdery in 'n toenemende mate 'n meer aantreklike opsie as akkerbou geword. Dit was meer winsgewend, minder arbeidintensief, het minder aanvangskapitaal vereis en 'n laer bedryfskoste gehad, terwyl vervoerprobleme ook grootliks uitgeskakel is.[949] Groeiende veetroppe en 'n tekort aan beskikbare weiveld het tot die toenemende okkupasie van die noordelike en oostelike gebiede van die akkerboustreek deur boere en hulle slawe aanleiding gegee. Dit sou uitendelik tot die stigting van die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet lei wat gedurende die VOC-tydperk byna uitsluitlik veeboerstreke was.[950] Migrasie in 'n noordelike en noordwestelike rigting het ook plaasgevind.

Daar was relatief min slawe in die dun bevolkte binnelandse distrikte en gemiddeld ook minder slawe per slawebesittende huishouding as in Kaapstad en die akkerboustreek. Hulle is in getalle deur die vry nie-blanke arbeiders wat meesal Khoisan was, oortref.[951] Faktore wat tot die beperkte aantal slawe op die ekstensiewe binnelandse veeplase bygedra het, was onder meer die minder arbeidsintensiwiteit van 'n veeplaas, die beskikbaarheid van Khoikhoi- en Sanarbeiders met hulle natuurlike aanleg vir veeboerdery,[952] sowel as die feit dat die

---

945 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 143 - 144 en 168 - 169: R. Ross, *Cape of Torments*, p. 25; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 12 en 27.

946 R.C.-H.Shell, *Children of bondage*, p. 144.

947 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 93.

948 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 100; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 409.

949 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 37.

950 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 27 - 28.

951 J.E. Mayson, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 73 - 74.

952 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binnelandse veeboere oor die algemeen nie vermoënd genoeg was om slawe aan te koop nie.[953] In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel wel waargeneem dat ook die redelik welgestelde boere van die afgeleë noordoostelike binneland min slawe besit het: "Besides, they own very few slaves. They live among the Hottentots whom they employ to look after their cattle." [954] Tydens sy binnelandse reise in die 1790's het Barrow tot die gevolgtrekking gekom dat daar weens die hoë pryse van slawe, in die hele distrik van Graaff-Reinet nie meer as ses- of sewehonderd slawe was nie, terwyl daar ongeveer 10 000 Khoikhoi was.[955]

Tydens die ekonomiese oplewing van 1806 tot 1811 was daar 'n groot aanvraag na binnelandse plaasprodukte, soos vleis, seep en ander landbouprodukte, en het boere veral die ingevoerde slawe in hulle besit vermeerder. Op die vooraand van die amptelike emansipasie van slawe het 20 persent van die Kaapkolonie se slawe hulle in die vyf oostelike distrikte bevind.[956] Terwyl die aantal slawe in die oostelike binneland in 1798 minder as 'n duisend was, was dit teen 1834 meer as agtduisend.[957]

Alhoewel die arbeid op die binnelandse plase minder intensief was, het die boere nogtans sterk op die arbeid van hulle slawe en Khoikhoi gesteun. Volgens Barrow [958] en Percival [959] was die boere, met uitsondering van dié in die Sneeuberg en Hantam,[960] oor die algemeen maar bra gemaksugtig. Die bevooroordeelde Barrow het die boere onder meer as "unwilling to work and unable to think" [961] beskryf, terwyl Percival dit onomwonde gestel het dat 'n Kaapse boer hom selde self met werk bemoei het maar alles aan sy slawe oorgelaat het.[962] Die meer simpatieke Lichtenstein het dié verskynsel aan faktore, soos die warm klimaat, isolasie en die natuur as geredelike voorsiener toegeskryf.[963] Die binnelandse boer het gevolglik in 'n mindere of meerdere mate van slawe- en ander nie-blanke arbeid gebruik gemaak. Alhoewel die slawe oor die algemeen nie so hard soos hulle broers op die akkerbouplase gewerk het nie, was hulle nogtans by 'n wye verskeidenheid take op die binnelandse plaas betrokke. Beide slawe en Khoikhoi is as **voormanne**, **toesighouers**, **mandoors** en **veewagters** op veeposte of "legplaatse" ingespan. Tydens sy verblyf aan die Kaap was Mentzel bewus van die beesposte op beide oewers van die Bergrivier wat deur ouer slawe en Khoikhoi beman is.[964] Tydens sy reis in die oostelike binneland het Sparrman besonder positiewe kommentaar oor 'n enkele

---

953 J.E. Mayson, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 74; E.A. Eldredge, Slave raiding across the Cape frontier, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 96; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 12.

954 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* pp. 84 - 85.

955 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 163.

956 E.A. Eldredge, Slave raiding across the Cape frontier, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 96.

957 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 12.

958 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* pp. 77 - 79.

959 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 204 - 205.

960 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 115.

961 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* pp. 77 - 78.

962 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

963 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 58.

964 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 67.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slaaf wat alleen in beheer op die plaas Zaffraankraal was, gelewer. Met behulp van twee Khoikhoi het hierdie bekwame en knap plaasbestuurder op eie insisiatief 'n besproeiingstelsel met afleivore, kanale en damme gebou wat in 'n dorre gebied water aan die geil koringlande en tuine verskaf het.[965] Tydens sy binnelandse reis het Lichtenstein naby die Doornrivier in die Nardouw-omgewing op 'n ou slaaf afgekom wat daar gestasioneer was om as veewagter en -versorger na die kleinerige beestrop van sy eienaar om te sien,[966] terwyl 'n vryslaaf en twee baster Khoikhoi die beestroppe van ene Wilders opgepas het. By Geelbek naby Saldanhabaai het Lichtenstein 'n bejaarde Mosambiekse slaaf aangetref wat in die afwesigheid van sy meester na dié se osse omgesien het.[967] Tydens sy binnelandse reis het John Campbell in 1813 op die Namakwalandse plaas Klipvallei van mevrou Van der Westhuizen opgemerk dat 'n intelligente Mosambiekse slaaf die plaasbestuurder was, "a kind of manager of her concerns. He was formerly a slave at Cape-town, but ran off from his master ... Like Joseph in the house of Potiphar he was in charge of all the slaves and Hottentots".[968] Die handelaar George Thompson (1796 - 1889) het tydens sy binnelandse reis in 1823 op die plaas Teefontein van veldkornet Louw slegs drie of vier slawe en Khoikhoi wat in beheer van die plaas was, aangetref.[969] In haar dagboekie het Johanna Duminy telkens melding gemaak van die mandoor op hulle Overbergse plaas, Bokrivier:

> mijn mandoor maakte remschounen klaar voor onse rijs ...[970]
> duminy gong met demandoor na de hottentots om hem tesege met haarluij vee niet aan deese sij van derevier te komen ...[971]
> ik gong na decraal met de mandoor en sogt 2 span osse nyt voor blouwe berg ...[972]
> om 11 uure kwam sij nij sege daar komt de mandoor van bokrevier aan ...[973]

In die Roggeveld, Bokkeveld, Hantam en Sneeuberg-omgewing,[974] waar sommige boere van drieduisend tot seweduisend skaap gehad het[975] en die plase nie omhein was nie,[976] was daar vir elke 500 skape 'n veewagter nodig.[977] Soggens het die **skaapwagters** met 'n geweer oor die skouer die onderskeie skaaptroppe veld toe geneem **(Fig. 20)** om daglank te wei, terwyl

---

965 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 274 en 297.

966 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 99.

967 *Ibid. I*, pp. 41 en 100.

968 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 306.

969 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa II* (red. V.S. Forbes), p. 14.

970 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 97.

971 *Ibid.*, p. 98.

972 *Ibid.*, p. 101.

973 *Ibid.*, p. 107.

974 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, pp. 249 en 372; *Ibid. II*, p. 372; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 103, 113, 123 en 29; *Ibid. II*, pp. 4 en 203.

975 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 6.

976 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 76.

977 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle op die aanvalle van ongediertes en roofsugtige Boesmans bedag moes wees.[978] Tydens sy binnelandse reis het Sparrman in die omgewing van Agter-Bruyntjeshoogte in die noordelike binneland opgemerk dat slawe en Hottentotte die veewagters van die groot veetroppe was.[979] Saans het hulle die skape na die takkraal op die werf teruggebring om die nag daar deur te bring.[980] Tydens lamtyd het die veewagters die lammers by die ooie besorg en toegesien dat hulle drink. In die *Slaweregister* is 'n hele aantal slawe as binnelandse skaapwagters gelys, waarvan die volgende as voorbeelde uitgesonder word: In 1816 was Willem Alexander Lotz van die Tulbagh-distrik in besit van die 75-jarige skaapwagter Spadel van Boegies,[981] terwyl Jacobus Louw van dieselfde distrik in 1817 drie skaapwagters in sy besit gehad het, te wete Fortuin van Boegies, Simson van Mosambiek en Goliat van Mosambiek.[982] In dieselfde jaar is Januarie van Java as skaapwagter van die weduwee Anna Fourie van die Swellendam-distrik in die *Slaweregister* aangeteken.[983]

Slawe en Khoikhoi-arbeiders was voorts betrokke by die kastrasie en merk van skape [984] sowel as die versorging van siek diere. Waar daar met wolskape geboer is,[985] is die skape soms wel geskeer,[986] alhoewel dié taak volgens Mentzel verwaarloos is.[987]

Beesboerdery is veral in die Swellendam-distrik en Sneeuberg-omgewing op groot skaal bedryf en boere in dié gebiede het oor groot beeskuddes beskik.[988] Net soos skaapboerdery, het beesboerdery bekwame **beeswagters** vereis. In 1817 het die weduwee Anna Fourie van die Swellendam-distrik onder meer die drie beeswagters, September van Java, November van Mosambiek en Philander van Mosambiek, besit.[989] Dit blyk uit die *Slaweregister* dat slavinne ook as beeswagters aangewend is. So is Diana van Boegies in 1816 as beeswagter van Johannes Liebenberg gelys,[990] terwyl Hester van die Kaap 'n beeswagter van Jacobus Louw in die Tulbagh-distrik was.[991] Buiten haar werk om saam met die manlike arbeiders met pik en

---

978 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 132.

979 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 133.

980 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 132.

981 K.A.B.: SO. 6/129, p. 8: Register of Slaves, 1816-07-31.

982 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

983 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-01-15.

984 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 88.

985 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 114; *Ibid. II*, p. 6.

986 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 71.

987 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 211.

988 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 201 en 204; *Ibid. II*, pp. 4 en 6; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 372; O.F. Mentzel, *A geographiccal and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 84 - 85.

989 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-01-15.

990 K.A.B.: SO. 6/129, p. 10: Register of Slaves, 1816-12-07.

991 K.A.B.: SO. 6/129, p. 31: Register of Slaves, 1817-02-17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 108:** Die gewese slavin, Katie Jacobs met twee van haar agter-kleinkinders. Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad, INIL 11810.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

graaf veld te ontbos en skoon te maak sowel as haar taak as kombuisbediende, het die slavin Katie Jacobs **(Fig. 108)** ook beeste opgepas. Weens die eentonighed van dié werk en die feit dat sy soms alleen ver van die huis af was en mansklere moes dra, het Katie nie van die werk gehou nie.[992] Tydens kalftyd het die veewagters veral hulle hande met die versorging van die koeie en kalwers vol gehad. Die melk van koeie was 'n belangrike taak, veral in die gebiede waar baie botter gemaak is. Gewoonlik was dit die werk van slavinne, behalwe wanneer te veel koeie in melk was en slawemans hand moes bysit. Die taak het onder meer die span van die koei se agterbene behels.[993] Koeie is gewoonlik in die veld gemelk en buite die kalfseisoen is hulle soms oor 'n afstand van 'n halfuur vanaf die plaasopstal gemelk.[994] Op die plaas van Cobus Dupré naby die Krombek- en Vetriviere in die Swellendam-distrik het die melkery in 'n stal plaasgevind.[995]

Van Swellendam tot by Mosselbaai en Algoabaai [996] sowel as in die Sneeuberg-omgewing is baie botter vervaardig.[997] Weens die goeie inkomste wat uit botter verkry is, was baie boere nie oorgretig om koring, wingerd en groente in die vrugbare grond te verbou nie en het sommige boere hulle totale inkomste uit botter verdien. Alhoewel die meeste botter in die Swellendam-distrik gemaak is,[998] was die lekkerste botter, volgens Barrow, van die Sneeuberg-omgewing afkomstig.[999] Die binnelandse botter was veral gesog in Kaapstad en groot hoeveelhede, wat deur die hande van slawe en Khoikhoi afgekarring is, is elke ses maande deur **slawewadrywers** daarheen vervoer, waar dit gretig deur die inwoners van Kaapstad en skepe vanaf Denemarke, Swede, Indië en Spanje opgekoop is.[1000] Beide Sparrman en Percival [1001] het die maak van botter beskryf. Percival het egter pertinent na die betrokkenheid van slawe by dié proses verwys. Die melk van twee tot driehonderd koeie is in groot balies versamel, waarna dié groot hoeveelheid melk elke drie tot vier dae in 'n ronde houer wat soos 'n okshoof lyk, deur die **bottermakers** afgekarring is. Die swaar karringstok het die krag van drie of vier sterk slawemans vereis, wat die botter met 'n pompaksie afgekarring het.[1002] Tydens sy binnelandse reis het ook Sparrman by Agter-Bruyntjeshoogte in die noordoostelike binneland opgemerk dat Khoikhoi en slawe by die maak van botter

---

992 K. Jacobs, The life of Katie Jacobs, and ex-slave, *African Peoples Organization Newsletter,* Christmas number, 1910, pp. 8 - 9.

993 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 203 en 205.

994 *Ibid.*, p. 204.

995 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 207.

996 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 206; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, pp. 250.

997 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 206.

998 *Ibid.*, p. 208; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 221 en 225.


999 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 250; *Ibid. II*, p. 301.

1000 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 6; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 208; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 233.

1001 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 233; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 206 - 207.

1002 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 206 - 207.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 109:** Kalkoene oppad na die Kaapse mark, volgens 'n tekening deur lady Anne Barnard tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803). Plaasslawe was heelwaarskynlik betrokke by die suskesvolle teel van pluimvee in veral die Koue Bokkeveld.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 286.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betrokke was.[1003] Op sommige plase is van 1 800 tot 3 500 pond botter per jaar afgekarring.[1004] Inderdaad 'n aansienlike hoeveelheid wat sekere plaasslawe goed by die swaar karringstok besig gehou het!

Waar met perde geboer is, was slawe as **perdeoppassers** verantwoordelik vir die algemene versorging, die uit die veld gaan haal sowel as die op en afsaal van perde. Talle boere, veral in die Roggeveld, Bokkeveld en Hantam, het met perde geboer.[1005] Dit was veral die Van Reenen-broers wat hulleself as knap perdetelers onderskei het. Op die plaas Groote Toorn van John van Reenen, wat noordwes van die Hantamberge geleë was, het meer as driehonderd van die beste Engelse sowel as Arabierperde bedags en snags sonder 'n wagter in die veld rondgeloop.[1006] Dié perde is tweeweekliks deur die slawe- en Khoikhoi-arbeiders bymekaar gemaak om getel te word. Slawe was voorts, soos reeds vermeld, by die algemene versorging van die perde betrokke.[1007] Op 17 Februarie 1817 is die twaalfjarige Jacob van die Kaap as stalkneg van Jacobus Louw van die Tulbagh-distrik in die *Slaweregister* gelys.[1008]

Alhoewel pluimvee heelwaarskynlik op die meeste plase aangetref is, sou plaasslawe veral in die Koue Bokkeveld met die versorging hiervan gemoeid wees. 'n Groot aantal goeie kwaliteit pluimvee, wat onder meer kalkoene ingesluit het **(Fig. 109)**, is in die streek geteel.[1009] In die negentiende eeu was daar op sommige Overbergse plase honderd tot tweehonderd ganse, "die om de 6 weken geropt of geplukt worden", aldus Teenstra.[1010] Slawe was heelwaarskynlik ook by dié aktiwiteit betrokke. In haar dagboekie het Johanna Duminy melding gemaak van hoenders wat sy laat slag het:

> ik hat 3 hounders late slagten ... [1011]
> ...en liet hounders slagten.[1012]
> liet ook pluymvee slagte voor de anderdag.[1013]

Die slawe moes ook "een dosijn hounders vange" vir die Duminy's se reis na die Kaap.[1014] Volgens Lichtenstein was daar op die plaas Rietvallei van Jacob Laubscher naby die Bergrivier "an immense quantity of poultry of all kinds".[1015]

---

1003 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 133.

1004 *Ibid. I*, p. 233.

1005 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 240; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, pp. 358 - 359.

1006 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 32, 114 en 202.

1007 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128.

1008 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1009 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 161.

1010 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 159.

1011 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 98.

1012 *Ibid.*, p. 91.

1013 *Ibid.*, p. 99.

1014 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 102.

1015 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 57.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die slag van pluim-, klein- en grootvee [1016] sowel as die afslag van wild [1017] was klaarblyklik 'n deurlopende aktiwiteit op die binnelandse plaas. In die Hantam is daar in die vroeg-negentiende eeu daagliks drie tot vier skape geslag.[1018] Die rook van vleis sowel as die maak van biltong het ook slawearbeid geïmpliseer.[1019] Hulle sou voorts by die verwerking en vervaardiging van die neweprodukte van veeboerdery, soos die looi van velle, die brei van rieme, die kook van seep en maak van kerse op die binnelandse plaas, betrokke gewees het.

Tydens sy binnelandse reise het Burchell na die looi van velle in die Roggeveld Karoo verwys. Skaapvelle waarvan die hare eers verwyder is, is in 'n looikuip van sebravel met 'n looivloeistof wat Karoodoringbas bevat het, geplaas.[1020] Tydens Lichtenstein se besoek aan die plaas van weduwee Van Wyk, ten noorde van die Bergvallei, het hy waargeneem hoe twee slawe rieme gebrei het. Die riememaakproses het hy redelik volledig in sy reisbeskrywing aangeteken:

> We here learned the manner in which the leather almost universally in this country, instead of cordage, is cured. The fresh flayed ox-hide is first cut with a knife into thongs, the breadth being regulated according to the strength and thickness wanted, which varies with the purpose for which it is to be used. The thongs are then soaked in ley for four and twenty hours, after which as many are joined together as are requisite to make the length wanted. The whole is then thrown over a sort of gallows, and as heavy weight, from eighty to a hundred pounds, fastened to it to stretch it down. Two slaves then, with a stick between the leather, keep drawing it backwards and forwards, and turning it constantly round and round, so that the weight may bear alternately alike upon very part of the leather.[1021]

Seep is op byna alle binnelandse plase vervaardig.[1022] Gannabosloog en skaapvet was die nodige bestanddele vir die kook van seep. Tydens die wintermaande op die "legplaatse" in die Karoo is die kinders sowel as slawe gestuur om gannabos *(Solsola aphylla),* wat veral in die Kamdebo voorgekom het, in die veld bymekaar te maak. Van die souterig alkaliese as van die gannabos is 'n sterk loog verkry, [1023] wat saam met skaapvet gekook is om seep op te lewer. Tydens die seepmaakproses is 'n verskeidenheid vet, maar veral skaapvet, vir vier of vyf dae aaneen saam met die gannabosloog gekook, terwyl dit van tyd tot tyd geroer en nog vars loog bygeroer is. Uiteindelik het die seep van die loog geskei waarna die seep in 'n ander pot

---

1016 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 202; J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 89, 91, 99, 101 en 109.

1017 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 96.

1018 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 113.

1019 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 202; J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 96.

1020 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 243.

1021 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 90.

1022 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 301.

1023 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 154; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, II,* p. 301.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesmelt is om gevorm te kon word.[1024] Tydens sy binnelandse reise in die 1770's het Thunberg opgemerk dat daar op die plaas van Matthew Zondag in die Langkloof seepgekook is,[1025] terwyl Burchell in die vroeë negentiende eeu melding gemaak het van 'n groot ysterpot vol kokende seep oor 'n vuur in die haard op die plaas Verkeerdevallei van Pieter Jacobs.[1026]

Alvorens kerse gemaak kon word, het die slawe in November die wasboombessies versamel. Die wasboom *(myrica cordifolia)* was buitengewoon volop in die Swartberg-gebied.[1027] Die was, wat as 'n growwe poeier aan die oppervlak van die bessies voorkom, is in groot ysterpotte van die bessies afgekook. Die gesmelte was wat op die water gedryf het, is gelaat om af te koel en te stol, waarna dit saam met skaapvet gekook is. Van dié mengsel is die kerse dan gemaak.[1028] Wat ander produksie-aktiwiteite betref, het Teenstra tydens sy Overbergse besoek opgemerk dat stene op die plaas van Wessel van Dijk, wat oos van die Swartberg geleë was, gebrand is. [1029]

Wat die akkerbou in die binneland betref, is redelik baie koring wel in die Swartland[1030] en Overberg verbou, terwyl dit in die res van die binneland weens faktore, soos afstande van die mark, klimaatsomstandighede en 'n gebrek aan genoegsame besproeiingswater, oorwegend slegs vir tuiskonsumpsie verbou is.[1031] Op die Overbergse plaas van Jan Marré, suidwes van Caledon, het Teenstra in 1825 opgemerk dat die koringlande met vier handploeë deur die arbeiders omgeploeg is.[1032] Uit die dagboekie van Johanna Duminy blyk dit dat koring op hulle plaas Bokrivier in die Overberg verbou is.[1033] Per geleentheid is die Duminy's deur kuiergaste met hulle koring gekomplimenteer wat onder meer opgemerk het dat hulle "in heelee ooverbergh soo vraaij koorin niet gesien het".[1034] Sy noem ook dat "onse slaave ... die heeledagt garst gesneede [hat]".[1035] Naby die Swartberg het Thunberg waargeneem hoe koring op die plaas van Badenhorst gedors is.[1036] Die arbeid betrokke by koringverbouing was min of meer dieselfde soos reeds onder die akkerbou bespreek is. Wat wel opval, is dat koring op sommige binnelandse plase deur slawe met die hand gemaal is. In die vroeë agtiende eeu het Kolbe as volg oor die gebruik van handmeulens in die omgewing van Vier-en-Twintig-Rivieren opgemerk: "... zoo bedienden zy zich van kleine hand-molens ... dezelve in een muur vast

---

1024 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II,* pp. 112 - 113.

1025 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 96.

1026 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 198.

1027 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* pp. 179 - 180.

1028 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 90.

1029 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 165.

1030 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 24.

1031 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 76; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* pp. 283 - 284; G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa II* (red. V.S. Forbes), p. 3; *Ibid. III,* pp. 93 en 167.

1032 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 200.

1033 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 101.

1034 *Ibid.*, p. 98.

1035 *Ibid.*, p. 91.

1036 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 110 - 111.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geschroeft, en van een zwart of slaaf behandelt, die in een dag ruim een messel of anderhalf kan malen." [1037] Dit was 'n besonder vermoeiende taak vir die slawe om koring om die beurt in dié meulens – wat basies groot koffiemeulens was – te maal.[1038] Tydens sy binnelandse reis in die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein opgemerk dat koring in die omgewing van Rietvallei naby die Olifantsrivier – net soos dit in die grootste deel van die land die geval was – met die hand gemaal is.[1039]

Alhoewel nie so ekstensief soos in die akkerbougebied nie, is wyn wel plek-plek in die binneland verbou. Tydens 'n binnelandse reis het Augusta de Mist opgemerk dat wingerd by Roodezand verbou is: "... but it is particularly fertile for wine, which is known in Europe by the name Kaapschen Madera",[1040] terwyl Burchell tydens 'n besoek aan die plaas Buffelskraal van die weduwee Vos in die Heksriviervallei, opgemerk het dat wyn onder meer op die plaas geproduseer is.[1041] In die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein van onder meer die wynpers op Leiste se plaas Gelukwaard in die noordwestelike binneland melding gemaak en die goeie kwaliteit van die wyn toegeskryf aan die feit dat Leiste hom reeds vir 'n paar jaar op die verbouing van wingerd toegelê het, terwyl die beste metodes in die verbetering daarvan aangewend is.[1042] Baie slawe was nodig om wyn suksesvol te produseer, [1043] wat inderdaad die geval met Leiste was. Wat die Langkloof betref, het Stephanus Ferreira in 1805 tienduisend wingerdstokke op sy plaas gehad waarvan sewe leggers wyn gemaak en elf leggers brandewyn gestook is.[1044] Heelwaarskynlik was van die 34 slawe in sy besit by die verbouing van die wingerd sowel as die produksie van die wyn en brandewyn betrokke.[1045] Op die plaas Klijne Revier van Salomon Ferreira in die Langkloof was daar in 1813, 11 500 wynstokke. Dit sou nie vergesog wees om af te lei dat van die 41 Khoikhoi en nege slawe in sy diens, op die een of ander wyse by die verbouing van wingerd betrokke was nie.[1046] Tydens sy besoek aan die Overbergse plaas van Marré in 1825, het Teenstra opgemerk dat daar 'n wingerd van vyftigduisend stokke was.[1047]

In die dagboeke en reisbeskrywings word telkens van vrugteverbouing op binnelandse plase melding gemaak. Burchell het onder meer opgemerk dat die Heksrivier 'n oorvloed van vrugte en groente opgelewer het, terwyl hy die Koue Bokkeveld as ideale gebied vir die produksie

---

1037 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 124.

1038 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 16 - 17.

1039 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 94.

1040 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 38.

1041 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 195.

1042 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 72.

1043 *Ibid. I*, p. 71.

1044 K.A.B.: J. 318, nr. 353: Opgaafrol, Swellendam 1805, soos aangehaal *in* J.T. Ferreira, *Ferreira-Lys no. V*, p. 8.

1045 K.A.B.: J. 318, nr. 353: Opgaafrol, Swellendam 1805, soos aangehaal *in* J.T. Ferreira, *Ferreira-Lys no. VI*, p. 4.

1046 K.A.B.: J. 318, nr. 352: Opgaafrol, Swellendam 1805, soos aangehaal *in* J.T. Ferreira, *Ferreira-Lys no. V*, p. 8.

1047 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 201.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van kersies uitgesonder het.[1048] In die noordwestelike streke, waar redelik baie sitrusvrugte verbou is, sou slawe by die uitdruk van lemoensap en die ontrekking van sitrusolie uit die skille betrokke gewees het. Beide dié produkte was 'n winsgewende bedryf en lemoensap is in groot maat deur slawewadrywers na die Kaapstadse mark vervoer. Alhoewel baie dele van die land ideaal vir vrugteverbouing was,[1049] was boere weens die afstande van die mark, verplig om baie van die vrugte vir huishoudelike sowel as vir die mark te droog.[1050] Tydens sy binnelandse reis het Lichtenstein opgemerk dat die slawe op die plaas van Abraham de Clerk besig was om vrugte te droog, "which was done by spreading them on reed mats raised about three or four feet from the ground".[1051] Terwyl die meeste vrugte saamgepers en heel gedroog is, is appels in dun skyfies gesny en in die son gedroog. Dit is hoofsaaklik as voedselvoorraad aan skepe verkoop. Gedroogde appelskyfies wat in water geweek is, is ook vir die bak van terte gebruik.[1052] Volgens Lichtenstein was die rosyne wat op die reeds vermelde plaas van Abraham de Clerk deur slawe gedroog is, van goeie kwaliteit.[1053] Hy het voorts melding gemaak van die geurige rosyne van Goudini sowel as die befaamde rosyne van die Langkloof. By die maak van rosyne is die hele druiwetros eers deur die slawe in 'n sterk as-oplossing gedoop, waarna dit op 'n stellasie van strooimatte uitgesprei is om te droog. Barrow het die rosyntjiemaakproses egter gekritiseer: "... little care and less labour are bestowed in the preparation [of raisins] ... in the process for converting grapes into raisins, neither the rotten nor the unripe fruit is removed; the consequence of which is, that the bad raisins soon spoil those that otherwise would have been good." [1054]

Tabak is oral in die Kaapkolonie verbou,[1055] terwyl rys sporadies verbou is, soos langs die wes-oewer van die Olifantsrivier in die noordweste [1056] op die plaas Lokenburg van Jacob Adrian Louw in die Onder-Bokkeveld en op die plaas Gelukwaard van Leiste in die omgewing van Vier-en-Twintig-Rivieren. Van Leiste se gesprek met Lichtenstein en sy geselskap is af te lei dat die produksie van rys die slawe goed besig gehou het, aangesien dit konstant nat gehou moes word en die slawe regdeur die somer die vinke uit die rysland moes verjaag. Leiste het voorts teenoor die besoekers opgemerk dat die produksie van beide indigo en rys skadelik vir die gesondheid van sy slawe was.[1057]

**Slawetuiniers** was voorts in die kombuis- en huistuine op die binnelandse plase werksaam. In haar dagboekie het Johanna Duminy telkens na haar tuine en die arbeidsaktiwiteite van die

1048 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 80 en 195.

1049 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 71 - 72, 85, 114, 119, 158, 160, 175, 182 en 288; *Ibid. II*, pp. 22, 85 en 202 - 203.

1050 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, II*, p. 355; *Ibid. I*, p. 350; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 19, 91, 114, 160, 181 en 257; *Ibid. II*, pp. 26, 41 en 44; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 198 - 199.

1051 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 41.

1052 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 299.

1053 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 44.

1054 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, pp. 297 - 298.

1055 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 80; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 103, 104 en 160.

1056 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 80.

1057 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 74 en 104.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe in die verband verwys. Dit het onder meer die natlei van die tuine, die pluk en uithaal van groente en die plant van nuwe gewasse deur die tuinier behels. By geleentheid het sy ook haar tuine aan besoekers gewys. In haar kasboekie het sy by twee geleenthede die aankoop van vrugteboompies aangeteken.[1058] Wat voorbeelde in die *Slaweregister* betref, is Goliath van Madagaskar in 1816 as tuinier van Jan Frouenfelder van Swellendam in die *Slaweregister* gelys,[1059] terwyl Job van Mosambiek die tuinier van die weduwee Fourie was [1060] en Venus van Malabar in 1817 as tuinier van Jacobus Louw van Tulbagh aangeteken is.[1061]

'n Aktiwiteit waarby slawe in die Swellendam-distrik, veral in die omgewing van Mosselbaai [1062] en Gouritsrivier,[1063] betrokke was, is die tap en bereiding van aalwynsap. Baie aalwynplante het in dié gebied voorgekom. Tydens Thunberg se besoek aan die plaas van De Wet, "the first that prepared the gum in this country", was die slawe oral druk besig om aalwynsap te tap en te berei.[1064] Die taak is gewoonlik in dié tyd van die jaar aangepak wanneer die slawe minder dringende werk gehad het.[1065] Die ideale tyd vir dié taak was gedurende en direk na die reënseisoen op 'n windstil sonskyndag.[1066] Sparrman, Lichtenstein, Thunberg en Backhouse het die proses van aalwyntap en -bereiding beskryf,[1067] waarvan dié van Thunberg die volledigste aangeteken is:

> On this work, for the most part, either slaves or Hottentots are employed. A leaf is first cut off, and laid on the bare ground to serve for a channel, upon which several other cut leaves are afterwards placed on each side, with the large end inwards and over these again others, to the amount of a dozen, or more, so that the juice drips from them into the hollow of the first leaf. The leaves which were cut off not too close to the trunk, were not cut into smaller pieces ... In this manner several heaps of leaves are laid one after the other, as fast as they can be cut off. When the juice ceases running, the leaves are taken away, and the juice is poured into calabashes, which, here as well as in many other place, are used by the poor as bottles ... The juice is afterwards boiled down at home in English iron pots bought for that purpose, to such a consistence, that it will not run off a stick that is put into it. All impurities that

---

1058 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 79, 88, 97, 101, 334 en 354.

1059 K.A.B.: SO. 6/113, p. 3: Register of Slaves, 1816-07-31.

1060 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-01-15.

1061 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1062 G.M. Theal, *Belangrijke historische dokumenten III*, pp. 56 - 57; J. J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, II*, p. 303; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 118.

1063 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 215; H.M. Robertson, The aloe boers of the Gouritz River district, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 34(2), Desember 1979, pp. 59 - 69.

1064 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 215.

1065 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 303.

1066 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 215.

1067 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, III* (red. V.S. Forbes), p. 249; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 207; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 215 - 216; J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, pp. 120 - 121.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> swim on the top of the liquor are skimmed off in the boiling. The juice thus boiled down to one half, is then poured out into wooden boxes, in which it afterwards grows hard.[1068]

Die gedroogde aalwyn is na Kaapstad vervoer vanwaar dit onder meer na Engeland uitgevoer is om veral in die Londense brouerye as bitters gebruik te word.[1069] Daarbenewens het aalwyn ook medisinale waarde gehad. Die reeds vermelde De Wet het die alleenreg op die verkope van aalwyn aan die Kompanjie gehad,[1070] wat dit vir sy eie gebruik aangewend en ook uitgevoer het.[1071]

In die suidoostelike dele, soos Swellendam, Plettenbergbaai en Outeniekwaland,[1072] waar timmerhout redelik volop was, sou slawe veral as **houtkappers** en **timmerhoutsaers** aangewend word.[1073] In haar dagboekie het Johanna Duminy melding gemaak van ene "Leenthee" wat met "haar twee jongens … en een jonge van mijn [Johanna Duminy]" teen die bergrand agter die Duminy's se plaas daglank sparre laat kap het.[1074]

Die reg om sout te versamel is reeds in 1658 aan die Saldanhavaarders toegesê wat verplig was om dit slegs aan die Kompanjie, teen 'n vasgestelde prys, te verkoop.[1075] Met die toestemming van die regering en 'n heffing van 1 200 riksdaalders per jaar is die boere in die Groenekloof-omgewing later toegelaat om die soutpanne langs die Weskus te ontgin.[1076] Slawe het heelwaarskynlik as **soutskrapers** en **-versamelaars** 'n belangrike rol by dié soutwerke gespeel wat in die soutbehoeftes van die hele Kaapstad voorsien het.[1077]

By Saldanhabaai het sommige koloniste visserye gehad waar slawe heelwaarskynlik as **vissers** aangewend is, terwyl die slawe van Mosselbaai, tydens laagwater, oesters uit die see gehaal het.[1078] Slawe het ook as jagters opgetree. In haar dagboekie het Johanna Duminy telkens na die **jagters** op hulle plaas in die Overberg verwys, waarvan die slaaf Moses die prominentse was.[1079]

---

1068 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 215 - 216.

1069 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 304.

1070 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 2; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 215.

1071 H.M. Robertson, The aloe boers of the Gouritz River district, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 34(2), Desember 1979, p. 61.

1072 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 204, 229, 240 en 252; W.J. Burchell, *Travels in the interior of South Africa I*, pp. 82 en 92.

1073 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 93.

1074 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 89.

1075 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 93.


1076 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 30.

1077 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 24.

1078 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 45 en 222.

1079 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 79, 92, 98, 103, 105, 106 en 110.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 110:** Slegte paaie en gevaarlike bergpasse het groot eise aan wadrywers en touleiers gestel, volgens 'n afbeelding deur Samuel Daniel in die vroeë negentiende eeu.
Uit: J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I* (Londen, 1806), p. 132.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

As **wadrywers** was veral die "baster-hottentotte" uiters bekwaam. Hulle was die produk van slawemans en Khoikhoivroue of Europese mans en Khoikhoivroue.[1080] Hierdie wadrywers moes behalwe vir vervoer op en om die plaas, die kort en smal ossewaens [1081] met plaasprodukte na die Kaapstadse of naaste markte veilig heen en terug oor die steil, smal en gevaarlike bergpasse **(Fig. 110)** en deur riviere [1082] neem. Die slegte paaie het groot eise aan die wadrywers gestel. Die gevaar waaraan beide die osse en waens op die bergpasse blootgestel was, het die uiterste aandag, konsentrasie en versigtigheid van hulle vereis.[1083] Tydens sy binnelandse reis het 'n boer sy "baster" slaaf gestuur om die wa van Sparrman en sy geselskap veilig deur 'n modderdrif by die Palmiet- en Kafferkuylrivier, te kry. Sparrman was beïndruk deur die behendigheid van die wadrywer, want"[t]his fellow had such an incomparable knack of whipping the oxen up without intermission, that they had not the least opportunity to flinch from the business".[1084] Slawe wat swaar gelaaide waens met produkte, soos seep en botter vanaf die Sneeuberg na Kaapstad moes neem, het die tog met 24 osse gewoonlik in sestig dae heen en terug voltooi.[1085] Betroubare, bekwame wadrywers was dus onontbeerlik op die afgeleë binnelandse plaas en hulle teenwoordigheid nie te betwyfel nie, soos blyk uit die *Slaweregister*. In 1816 is drie slawe as wadrywers van Daniel Lambrechts in die *Slaweregister* gelys,[1086] terwyl Job van Mosambiek en Joseph van die Kaap in 1817 as wadrywers van Jacobus Louw van Tulbagh aangedui is [1087] en Welbedacht van die Kaap in dieselfde tyd die wadrywer van die weduwee Anna Fourie in die Swellendam-distrik was.[1088]

Tydens die watogte het die **touleiers** net so 'n belangrike rol gespeel. Volgens Teenstra moes die arme touleier by meer as een geleentheid kaalvoet "deze dieren [osse] over bergen en door dalen, door rivieren en door waterplassen leiden".[1089] Hulle moes soms met 'n lang span halstarrige osse deur die driwwe en riviere worstel en dan weer die struikelende diere teen die hoë gevaarlike bergkruine uitlei.[1090] Op hierdie jong slaweseuns se skouers het 'n groot verantwoordelikheid gerus. Met 'n riem om die voorosse se horings en met die water tot by sy ken, moes die touleiertjie soms vir lewe en dood aan die leiriem bly vasklou om die voorosse doelgerig deur vol riviere te lei, sodat hulle nie in die middel van die stroom struikel en rondval en die hele wa met vrag en al omkeer nie. Nogtans het hulle hulle baie goed van hulle taak gekwyt, soos Lichtenstein tereg opgemerk het: "It is, indeed, extraordinary to see how a boy

---

1080 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 57 - 59; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I* p. 49; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 17.

1081 N.L. de la Caille, *Travels at the Cape 1751 - 1753*, p. 31.

1082 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 146 - 147, 162 - 164, 199 - 200, 227, 256, 262 - 264; *Gleanings in Africa*, pp. 22 en 268; W.J. Burchell, *Travels in the interior of South Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 92; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 65 - 66, 76, 79 en 99; *Ibid. II*, p. 158.

1083 W.J. Burchell, *Travels in the interior of South Africa I*, p. 86.

1084 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 103.

1085 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 302.

1086 K.A.B.: SO. 6/129, p. 5: Register of Slaves, 1816-07-04.

1087 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1088 K.A.B.: SO. 6/115, p. 113: Register of Slaves, 1817-01-15.

1089 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 163.

1090 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

can with so much dexterity lead so long a team through heights and depths over hills and crags, with risk either to himself or to the vehicle he has under his care."[1091]

Die in- en uitspan van osse was nog 'n taak waarby binnelandse plaasslawe betrokke was. Op die Duminy's se plaas in die Overberg was die ossewa die enigste vervoermiddel en Johanna Duminy verwys telkens na die wa wat voor en na besoeke, kuiertogte en uitstappies ingespan en uitgespan moes word. Lichtenstein het 'n volledige beskrywing van hoe osse deur slawe voor die waens ingespan is, gegee.[1092]

In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel die betrokkenheid van slawe by die inbreek van 'n jong trek-os beskryf. Eerstens is die "wilde" os gevang deurdat 'n slaaf dit stilletjies van agter bekruip en 'n lustou wat aan 'n lang stok vasgemaak is, om die nek van die os gegooi het. Die teenoorgestelde punt van die tou is dan deur 'n ander slaaf gevang en die os is weggelei om langs 'n ervare os onder 'n juk ingespan te word. Die dier is dan met onophoudelike sweepslae vir drie tot vier ure geforseer om reguit saam met die res van die span te loop en te trek. Hierna was die os gewoonlik ingebreek en kon dit sonder weerstand gevang en ingespan word.[1093]

Die materiële welvaart van sommige gevestigde binnelandse boere het hulle in staat gestel om die duurder **ambagslawe** aan te koop, wat veral in hulle behoefte aan ambagslui op die ver afgeleë en geïsoleerde binnelandse plase kon voorsien. Die plaas van Jacob Laubscher, een van die rykste koloniste in die land, wat in die noordwestelike binneland sowat 'n kwartier van die Bergriver ten ooste van Saldanhabaai geleë was,[1094] is 'n goeie voorbeeld van 'n effektiewe selfvoorsienende eenheid waar ambagslawe 'n belangrike rol gespeel het. Lichtenstein was verras deur die wye verskeidenheid ambagte en nerings wat op 'n enkele plaas deur die slawe beoefen is; "all kinds of handicraft works, such I mean as are here wanted, are performed by the slaves, for there are few indeed among them who are not instructed in some mechanical occupation, and the dwelling is surrounded with workshops of all kinds".[1095] Die welvarende Leiste het op sy plaas Gelukwaard, in die omgewing van Vier-en-Twintig-Rivieren, onder meer ook werkswinkels gehad wat die teenwoordigheid van slaweambagslui impliseer. Op die plaas van die welgestelde Dupré, naby die Krombekrivier in die Swellendam-distrik, het werkswinkels vir die slawe onder meer deel van die plaasopstal uitgemaak.[1096] Met sy besoek aan die plaas Rhenosterfontein van Barend Burger in die Sneeuberge het Lichtenstein van beide die teenwoordigheid van klein netjiese geboue vir onder meer die slawe sowel as werkskamers en -winkels melding gemaak. Burger was 'n welvarende man; "[E]ven in the neighbourhood of the Cape Town, not many farms have a greater appearance of comfort and

---

1091 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 18.

1092 *Ibid. I*, pp. 16 - 17.

1093 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 200 - 201.

1094 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 25; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 57.

1095 *Ibid. I*, p. 58.

1096 *Ibid. I*, p. 72.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

affluence".[1097] Hy sou dus geen probleem ondervind het om die duurder ambagslawe aan te koop nie.

In die *Slaweregister* is talle voorbeelde van ambagslawe wat hulle in die binneland bevind het. Enkeles word uitgesonder. In 1817 was Titus van die Kaap 'n **messelaar** in diens van Gerhard Deneys van Swellendam,[1098] terwyl September van Boegies in 1825 as messelaar van Willem Liebenberg van Tulbagh gelys is.[1099] In 1820 is Isaac van die Kaap as **saalmaker** van Daniel Erasmus van Swellendam aangeteken,[1100] terwyl Africa van Mosambiek in 1826 as **skoenmaker** van Stephanus Cornelis Ferreira gelys is.[1101] Evert van die Kaap het hom as **kleremaker** in diens van Jan Frouenfelder bevind.[1102] Grofsmedery en wamakery het algemeen in die binneland voorgekom en so ook die **slawegrofsmede** en **-wamakers**. Camies van Boegies is in 1817 as grofsmid van Jacobus Louw van Tulbagh in die *Slaweregister* gelys,[1103] terwyl Gervais van Boerbon as grofsmid van Willem Ebersohn aangeteken is.[1104] Op 27 November 1824 was Baatjoe van die Kaap die wamaker van Fredrik Liebenberg van Tulbagh.[1105] Wamakery is veral in die Swellendam-distrik beoefen.[1106] Tydens sy besoek aan die plaas Buffelskraal van die weduwee Vos in die Heksriviervallei het Burchell opgemerk dat wamakery deel van die arbeidsaktiwiteite op die plaas was.[1107] Die waens wat deur onder andere die slawe vir die binnelandse eise en behoeftes gebou is, het aansienlik van die wat in Kaapstad vir uitstappies en kuiertogte gebruik is, verskil. Weens die warm en droë klimaat sowel as die slegte paaie, was die binnelandse waens stewiger en met sterker en meer soliede materiaal gebou. Hierdie sterk waens was uniek aan die Kaapkolonie en het as sodanig van die Europese prototipe verskil.[1108] Tydens haar binnelandse reis in 1798 het lady Anne Barnard op die plaas van Pieter du Toit in die Hexriviervallei, waargeneem dat van die slawe besig was om strooihoede te maak wat in die Kaap verkoop kon word.[1109]

**Slawemusikante** was nie net tot die stedelike en akkerbougebiede beperk nie. Op die binnelandse reis van kommissaris De Mist, wat deur beide Lichtenstein en Augusta de Mist meegemaak is, het hulle albei van die slawehuisorkes op die plaas Klavervallei van Jacob van Reenen melding gemaak. Lichtenstein het sy ervaring van die slawemusiekkonsert waarmee hulle die aand op die plaas vermaak is, in sy reisbeskrywing weergegee. Die musiekkonsert is

---

1097 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* pp. 72, 204 - 205; *Ibid. II,* p. 22.

1098 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-09-23.

1099 K.A.B.: SO. 6/129, p. 53: Register of Slaves, 1825-01-03.

1100 K.A.B.: SO. 6/113, p. 20: Register of Slaves, 1820-10-17.

1101 K.A.B.: SO. 6/145, p. 16: Register of Slaves, 1826-02-27.

1102 K.A.B.: SO. 6/113, p . 3: Register of Slaves, 1816-07-31.

1103 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1104 K.A.B.: SO. 6/113, p. 18: Register of Slaves, 1829-08-05.

1105 K.A.B.: SO. 6/129, p. 52: Register of Slaves, 1824-11-27.

1106 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 93.

1107 W.J. Burchell, *Travels in the interior of South Africa I,* p. 195.

1108 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 16.

1109 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 391.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afgeskop met 'n koorstuk, waarna verskeie marse en danse wat op klarinette, Franse horings en fagotte uitgevoer is, gevolg het. Daarna het slawemusikante die konsert met viole, tjellos en fluite, wat hulle ewe knap bespeel het, voortgesit.[1110] Augusta de Mist was verwonderd oor die musiektalent van dié slawe, "since their only music-teacher was nature, and they understand nothing of the rules of music".[1111] Aangesien die Maleierslawe bekend was vir hulle musikaliteit en vermoë om op blote gehoor te speel,[1112] kan aanvaar word dat van dié slawe deel van die orkes uitgemaak het.

Huishoudelike plaasslawe is vir 'n verskeidenheid take in en om die huis aangewend. Uit die *Slaweregister* is af te lei dat algemene **huisbediendes** onontbeerlik was en dat veral slavinne in dié hoedanigheid aangewend is. In 1817 was al sewe die huisbediendes van die weduwee Anna Fourie van Swellendam slavinne waarvan die oudste sestig jaar en die jongste negentien jaar oud was,[1113] terwyl die vyf huisbediendes van Jacobus Louw in die Tulbagh-distrik almal Kaapsgebore slavinne was.[1114] Ignatius Stephanus Ferreira van die Uitenhage-distrik was in besit van drie huisslavinne.[1115] In 1825 was Teenstra verbaas oor die groot aantal slawebediendes wat in die Overbergse huishoudings aan te tref was: "Hier ziet men bij boer en burger ter bediening eene meenigte slaven, terwijl de eene den anderen in den weg loopt." [1116] Wat die **tafelbediendes** betref, het hy onder meer van die **vlieëwaaiers** melding gemaak wat met 'n waaier van volstruisvere die vlieë van die tafel moes verwilder.[1117] In die huishouding van Jan Marré aan die voet van die Babilonstoorn, suidwes van Caledon, het twee slavinne met volstruisverwaaiers die vlieë tydens ete verdryf, terwyl ander slavinne die gaste bedien het.[1118] In die huishouding van Johanna Duminy is die kos ook deur bediendes na die tafel gedra.[1119]

Op die binnelandse plase het slawemans gewoonlik die rol as **kok** in die huishouding vervul.[1120] Johanna Duminy het inderdaad vir Viliep [Philip] by tye as kok ingespan.[1121] In die *Slaweregister* is ook voorbeelde van slawemans wat as kokke in die binnelandse huishoudings aangewend is. In 1816 is die 53-jarige Philander van Java as kok van Jan Frouenfelder van die Swellendam-distrik gelys,[1122] terwyl die vyftigjarige Cicero van Java in 1817 die kok in die

---

1110 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 33 - 34.

1111 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 24.

1112 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 34; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 80; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 47 - 48.

1113 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-01-15.

1114 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1115 K.A.B.: SO. 6/145, p . 7: Register of Slaves, 1816-08-16.

1116 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 395.

1117 *Ibid.*, pp. 395 - 396.

1118 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 200.

1119 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 79.

1120 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, pp. 102 - 103.

1121 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 79.

1122 K.A.B.: SO. 6/113, p . 3: Register of Slaves, 1816-07-31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



huishouding van Gerhardus Cornelis Deneys was.[1123] In 1825 is die 51-jarige August van Bengale as slawekok van Johannes Liebenberg van die Tulbagh-distrik aangeteken.[1124] Ouer Oosterse slawe was nogal 'n gewilde keuse as kokke. Slavinne is ook sporadies in die hoedanigheid aangewend. In 1825 het Teenstra melding gemaak van "Roos, eene slavin en kok van wiljen W.N. van der Merwe" van die Bokkeveld,[1125] terwyl vroulike kokke pertinent in die *Slaweregister* gelys is, soos in geval van Sara van die Kaap,[1126] Eva van Bengale [1127] en Spasie van Mosambiek.[1128] Soms was slawe as **bakkers** by een of ander faset van die huishoudelike bakwerk betrokke. Uit die dagboek van Johanna Duminy blyk dit dat sy die insuurwerk aan iemand anders oorgelaat het: ".... ik liet insuure om te bakken." [1129] Heelwaarskynlik het Viliep[Philip] ook die bakwerk behartig. Op 24 Mei 1821 is November van Mosambiek as bakker van Daniel Erasmus van Swellendam in die *Slaweregister* aangeteken.[1130]

Voetewas was ook slawewerk. In baie boerefamilies was dit die werk van die huisslawe om saans die voete van die boer en sy familie in orde van senioriteit te was.[1131] Nadat die ander plaasslawe saans reeds af was, is daar van die huisslaaf verwag om op haar pos te bly tot haar meesters bedwaarts gekeer het.[1132]

Die dagboekie van Johanna Duminy gee 'n aanduiding van die take waarmee die huishoudelike slawe voorts gemoeid was. Dit het onder meer die was en stryk van wasgoed, die vee van vloere en die skuur van koper en tin kombuisgerei behels. Daarbenewens het hulle 'n belangrike rol as stuurjongens gespeel. Selfs die maak van koffie en dek van die tafel is deur slawe behartig, terwyl die in- en uitpak van beddegoed sowel as die laai van die wa en die opmaak van beddens tydens 'n besoek aan hulle veeplaas, aan die slawe oorgelaat is.[1133] Huishoudelike slawe was ook verantwoordelik vir die bymekaarmaak van brandgoed. In die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein melding gemaak van 'n slavin van ene Van Wyk van die Nardouw-omgewing wat deur 'n skerpioen gesteek is toe sy moes gaan hout haal.[1134]

Op die afgeleë plase het slavinne as **vroedvroue** opgetree, terwyl hulle ook die **soogvrouens** en **kinderoppassers** van die babas en kinders in die boerefamilie was.[1135] Oor die gebruik van slavinne as soogvrouens in die Overberg, het Teenstra die volgende kommentaar gelewer: "Alles wordt hier door slaven verrigt ... De fraai gekleede dochters, ofschoon reeds moeders

---

1123 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-03-07.

1124 K.A.B.: SO. 6/129, p. 10: Register of Slaves, 1825-08-22.

1125 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 327.

1126 K.A.B.: SO. 6/129, p. 31: Register of Slaves, 1817-02-17.

1127 K.A.B.: SO. 6/129, p. 16: Register of Slaves, 1816-12-23.

1128 K.A.B.: SO. 6/129, p. 14: Register of Slaves, 1816-12-16.

1129 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 79.

1130 K.A.B.: SO. 6/113, p. 20: Register of Slaves, 1821-05-02.

1131 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 80.

1132 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 108.

1133 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-daboeke*, pp. 75, 79, 91 - 92, 96, 101 - 102, 104 - 105, 108 en 110.

1134 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 99.

1135 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

zijnde, bemoeijen zich met niets; zelfs laten vele hare kinderen bij hare slavinnen de borst genieten om zelve geen moeite te willen hebben." [1136] In 'n latere verwysing na die gemaksug van die Overbergse jong moeders, bevestig Teenstra weereens die teenwoordigheid van slavinne as soogvrouens en kinderoppassers in die huishoudings.[1137] In sy bekommernis oor die invloed van hierdie soogvrouens en -kinderoppassers op die jong blanke kind, het hy die belangrike plek wat hulle in die lewe van die kind ingeneem het sowel as die noue band wat tussen die slavin en die kind gesmee is erken: "De kleine kinderen … beminnen veelal de minne meer, dan hare eigene, ja hare onnatuurlijke moeder, die zich liever met opschik, kleedertooi en uitgaan, dan met haar kroost vermaak." [1138] 'n Voorbeeld van 'n binnelandse slawekinderoppasser was die twaalfjarige Sabina van die Kaap wat op 17 Februarie 1817 as kinderoppasser in die huishouding van Jacobus Louw van die Tulbagh-distrik in die *Slaweregister* aangeteken is.[1139]

Samevattend kan dit gestel word dat, alhoewel die minder intensiewe arbeidslas op die binnelandse plaas deur beide slawe en Khoikhoi gedra is en binnelandse slawegetalle relatief laag was in vergelyking met die hoë konsentrasie in die Suidwes-Kaapse akkerbougebied, die binnelandse slaaf nogtans op arbeidsgebied 'n bydrae gelewer het. Hulle sou onder meer as voormanne en toesighouers diens doen, terwyl hulle ook by die melk van koeie, en plaasbedrywe soos die maak van botter, die looi van velle, die brei van rieme, die kook van seep, die maak van kerse sowel as die tap en bereiding van aalwynsap betrokke was. As landbouslawe sou hulle by die produksie en verwerking van gewasse, soos koring, groente, wingerd en vrugte, betrokke wees. Sommige binnelandse slawe was soutskrapers, vissers, jagters, wadrywers en touleiers. Op sommige selfonderhoudende binnelandse plase was slaweambagslui in diens van welvarende boere, terwyl slawemusikante nie 'n ongewone verskynsel was nie. As huishoudelike slawe was hulle die brandgoedhalers, skoonmakers, wasgoedversorgers, algemene huisbediendes, kokke, bakkers, tafelbediendes en naaldwerksters. Inderdaad 'n wye spektrum van arbeidsaktiwiteite waarby die binnelandse plaasslaaf op een of ander wyse betrokke was.

Daar is gepoog om die mate waarby die Kaapse slawe by die arbeidsektore in die onderskeie arbeidsfere of streke betrokke was, weer te gee. In Kaapstad het beide die Kompanjieslawe, sowel as slawe in privaatbesit 'n belangrike rol in die suksesvolle funksionering van Kaapstad as administratiewe setel en handelsentrum van die Kaapkolonie gespeel en was hulle arbeid hoofsaaklik op die lewering van dienste afgestem. In die Suidwes-Kaap het die landbouslawe die steunpilaar in die ontwikkeling van die belangrike landelike produksiesektor van dié streek geword. Die welvarendheid van talle akkerbouboere in die Suidwes-Kaap was in 'n groot mate aan goedkoop slawearbeid te danke. Alhoewel die boere op binnelandse plase nie bloot op slawearbeid aangewese was nie, het dit nogtans 'n rol gespeel.

Benewens die feit dat slawearbeid 'n belangrike impak op die Kaapse ekonomie gehad het, het dit ook 'n belangrike bydrae tot die Kaapse kultuur gelewer in soverre alle sinvolle arbeid kultuur is. Bepaalde beroepe en nerings van slawe het aan hulle 'n bepaalde identiteit besorg en het as sodanig 'n inherente en onvervreembare deel van die Kaapse kultuur geword, soos dit

---

1136 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 200.

1137 *Ibid.*, p. 396.

1138 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 396.

1139 K.A.B.: SO, 6/129, p. 31: Register of Slaves, 1817-02-17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inderdaad die geval met die vissers, kleinhandelaars, ambagslui, kokke, musikante en selfs huisbediendes was. Die stoflike kultuurprodukte, wat danksy hulle arbeid tot stand gekom het, is in wese ook geestesprodukte, want "de materie, tot nu toe een dood ding, heeft uit de handen van den scheppende mensch deel gekregen aan den geest en is daardoor geadeld", aldus J. de Vries.[1140] Binne dié verband kry die reeds vermelde stelling van professor De Vos, dat alle sinvolle arbeid kultuur is, "van sowel dié van die landbouer as die geleerde, die messelaar as die kunstenaar" dus sin.[1141] Sonder die teenwoordigheid en arbeid van 'n etnies heterogene Kaapse slawebevolking, wat 'n breë spektrum van aanleg en talent verteenwoordig het, sou die Kaapse kultuur ongetwyfeld armer gewees het en anders daar uitgesien het; sou jammerlik iets van die sosiale en kulturele dinamika ontbreek het. As sodanig kan slawearbeid inderdaad as 'n bousteen in die Kaapse kultuur beskou word. Die impak wat die Kaapse slawe op sekere aspekte van die Kaapse en by implikasie op die breër Suid-Afrikaanse kultuur gehad het, word in die volgende hoofstuk ontgin.

---

1140 J. de Vries, Inleiding tot Nederlandsche Volkskunst, *in* A. Teenstra (red.), *Nederlandsche Volkskunst*, p. 12.

1141 H. Vos, Inleiding tot de wijsbegeerte, soos aangehaal *in* P.G. Nel, *Kultuurfilosofie, Kultuurbeskouings en Kultuurgeskiedenis*, p. 3.